

1 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 21:10-15

Fokusgedeelte: 1 Samuel 21:13

Vergeet vir geen oomblik wie en wat jy is nie

Die engele was seker geskok, maar die demone plesierig toe hulle op die vluggende Dawid afgekyk het. Saam het hulle aanskou hoe Dawid skuiling soek by sy aartsvyande – die Filistyne van alle mense! Boonop het hy hom daar soos 'n mal mens gedra.

Kan 'n mens so maklik vergeet wie en wat jy is? Het God Dawid nie laat self en het die Gees nie al hoe kragtiger in hom begin werk nie? Het God hom nie beskerm teen Goliat, die spiese van Saul en teen alle gevare nie? Het God nie sy gesalfde sukses op sukses geskenk nie? Het die Gees hom nie psalms laat dig en komponeer nie? Was Dawid nie God se besondere werktuig en bestem vir groot dinge nie? Tog vergeet hy wie en wat hy is!

Jesus was dikwels in omstandighede waarin die aandag op hom toegespits is. Ons dink onder andere aan die volgende: toe die skare Jesus wou koning maak, die versoekinge in die woestyn, die samedromming van die menigtes om Hom, ook die benoudheid in Getsemane en die naderende kruisdood. Tog het Jesus vir geen oomblik vergeet wie Hy is en waarvoor Hy gestuur is nie.

Wie is jy en ek? Ons doop getuig dat God ons sy kinders gemaak het. Dit beteken dat ons hemelprinse en -prinsesse geword het. Ons is bestem om in die hiernamaals op trone te sit (Op 20:4). Hoe kan ons dit ooit vergeet? Ons woorde en dade moet elke dag getuig dat ons onthou wat ons in en deur onse Here Jesus Christus is.

Sing: Skrifberyming 41:2, 3 Ds AS Heystek (Akasia)